# Tye van die werkwoord

## Graad 3

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Verlede tyd

Gister / Verby




## Wat is dit?

Dit vertel meer van gebeure wat **verby** is. Soos wat gister gebeur het.

## Hoe werk dit?

Daar is 3 reëls om te onthou om 'n sin na die **verlede tyd** te verander.



# Verlede tyd reëls:

## “het”, “ge-” en die werkwoord

1. Vervang die eerste werkwoord in die sin met “het”.
2. Skuif dan die werkwoord na die einde van die sin.
3. Sit ‘n ge- voor aan die werkwoord.

Kom ons kyk na die volgende voorbeeld:





- Pieter skop die bal.

In die verlede tyd skryf ons dit as:

- Pieter het die bal geskop.

Probeer jy nou die volgende sinne oorskryf in die verlede tyd. Onthou die 3 reëls!

1. Ek teken 'n prent.

Verlede tyd:

Ek het 'n prent geteken.





2. Ons hou partytjie.

Verlede tyd:

Ons het partytjie gehou.

# Teenwoordige tyd

Nou



## Wat is dit?

Dit vertel meer van gebeure wat **nou** gebeur. Soos iets wat vandag gebeur.

## Hier is 'n paar voorbeelde:

Ek eet my pap.

Mamma maak die huis skoon.

Boetie speel met sy karretjies.



# Toekomende tyd

Sal / Moet nog gebeur



## Wat is dit?

Dit vertel meer van gebeure wat nog **sal** gebeur.

Soos iets wat more of later gebeur.

## Hoe werk dit?

Daar is 2 reëls om te onthou om 'n sin na die toekomende tyd te verander.



# Toekomende tyd reëls:
# "sal" en die **werkwoord**

1.Vervang die eerste werkwoord in die sin met "**sal**".

2. Skuif dan die **werkwoord** na die einde van die sin.

Kom ons kyk na die volgende voorbeeld:

- Die polisie **vang** die skelm.

In die toekomende tyd skryf ons dit as:

- Die polisie **sal** die skelm **vang**.



Probeer jy nou die volgende sinne oorskryf in die toekomende tyd. Onthou die 2 reëls!

1. Ek eet my kos.

Toekomende tyd:

Ek sal my kos eet.



2. Susan dans met Jan.

Toekomende tyd:

Susan sal met Jan dans.

